

HOE REGISTREER EK VIR BELASTING?

Daar is drie maniere om vir belasting te registreer:

- **Nuut! 27 Maart 2020 - Outomatiese registrasie vir persoonlike inkomstebelasting:**

Wanneer jy vir die eerste keer vir SARS eFiling registreer en nog nie 'n persoonlike inkomstebelastingnommer het nie, sal SARS jou outomaties registreer en 'n belastingverwysingsnommer aan jou uitreik. Let wel dat jy 'n geldige Suid-Afrikaanse ID moet he.

Maklike stappe:

1. Gaan na www.sars.gov.za
2. Kies 'Register Now'
3. Volg die aanwysings
4. Versoek 'n kennisgewing van registrasie - dit sal jou inkomstebelastingregistrasienumer aandui

Jy kan ook vir SARS eFiling registreer op die SARS MobiApp deur dieselfde stappe te volg.

- **Registreer deur jou werkgewer op SARS eFiling:**

SARS eFiling bied die SARS registrasie funksie wat werkgewers in staat stel om werknemers se inkomstebelastingregistrasies by SARS in te dien. Vir meer inligting, verwys na ons [Guide to Register an Employee for Income Tax via eFiling](#).

- **Registreer by jou naaste SARS-tak:** (Neem asseblief kennis dat besoeke aan SARS-takke beperk sal wees gedurende die inperkingstydperk)

Besoek jou naaste SARS-tak om te registreer vir persoonlike inkomstebelasting. Maak seker dat jy die nodige [stawende dokumente](#) saam neem.

Onseker of jy geregistreer is of nie? Vra jou werkgewer, of skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277 of besoek jou naaste [SARS-tak](#) om uit te vind.

Top wenk: SARS sal nie jou [belastingnommer](#) aan 'n ander persoon verskaf nie, tensy die persoon jou belastingpraktisyn is of [volmag](#) het om jou belastingsake te hanteer.